# Dissipels loop langs mekaar

Dissipelskap is nie 'n alleen-besigheid nie, maar 'n mekaar-besigheid. Ons loop saam met Jesus en saam met mekaar. Ons doen dit deur by mekaar te leer en mekaar te ondersteun. Ons gaan voort met 'n weeklikste stuk wat van nou af sal aansluit by die preekteks van die voorafgaande sondag. Lees dit in jou eie stiltetyd en gebruik dit vir verdere nadenke oor die preek en oor dissipelskap. Gebruik dit ook gerus om met iemand te gesels oor die preek en oor dissipelskap. Nooi iemand om saam met jou te stap en gebruik hierdie stukke as reisjoernaal. Laat weet ook vir ons hoe dit jou help. Deel van saamloop is om ons verhale met mekaar te deel.

## Maandag 22 Maart

Hebreers 5:1-10 *"Elke hoëpriester is 'n mens wat uit die mense geneem en aangestel word om vir hulle by God in te tree deur gawes en offers vir die sondes te bring. 2Hy kan meegevoel hê met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self aan swakheid onderhewig is. 3Om hierdie rede moet hy ook vir homself, net soos vir die volk, offers bring vir die sondes. 4Niemand eien hom die eer van hoëpriester toe nie, hy word deur God daartoe geroep, net soos Aäron. 5So het Christus Hom ook nie die waardigheid van Hoëpriester toegeëien nie, God het dit vir Hom gegee toe Hy gesê het: "Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader." 6En op 'n ander plek sê Hy: "Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek." 7Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God. 8Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is. 9En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword 10en is Hy deur God verklaar tot Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek."*

In hierdie verse gaan dit oor Jesus Christus se priesterskap en wat dit beteken vir gelowiges in hul alledaagse lewe, want ons word tog ook geroep as profete, priesters en konings. Deel van ons roeping as dissipels is dus om priesters te wees. Priesters het hul hele lewe aan God geoffer. Vir die meeste van ons kom dit nie natuurlik nie. Mense wil van nature gedien en geëer word – ons hou bloot nie daarvan om die minste te wees of om diens aan ander te lewer sonder om iets daaruit te ontvang nie. Ons is welbekend met die verhaal van die twee dissipels wat vra vir die ereplek in die koninkryk van God (Markus 10:35-45). Hulle verstaan nie hoe die koninkryk van God werk nie. Hulle verstaan nie dat Jesus moet ly nie, en daarom waag hulle hierdie selfsugtige versoek. Waar staan jy as die dissipels hierdie vraag vra? Dalk saam met hulle?

## Dinsdag 23 Maart

Hoe het Jesus ons Middelaar geword? Hoe het Hy geleer wat gehoorsaamheid is sodat Hy ons hoëpriester kan wees? Ons lees vandag Jesus se antwoord aan Jakobus en Johannes in Markus 10:35-45 "Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, kom toe na Jesus toe en sê vir Hom: *"Here, ons wil graag hê U moet vir ons doen wat ons U gaan vra."* *36"Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?" het Hy hulle gevra. 37Hulle het Hom geantwoord: "Wanneer U as koning heers, laat ons dan langs U sit, die een aan u*

*regterhand en die ander een aan u linkerhand." 38"Julle weet nie wat julle vra nie," sê Jesus vir hulle. "Kan julle die lydensbeker drink wat Ek drink, of met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop word?" 39"Ons kan," sê hulle vir Hom. Daarop sê Jesus vir hulle: "Die beker wat Ek drink, sal julle drink, ja, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word. 40Maar om aan my regter- of my linkerhand te sit, daaroor besluit Ek nie; dit is vir dié vir wie God dit gereed gemaak het." 41Toe die tien ander dit hoor, was hulle verontwaardig oor Jakobus en Johannes. 42Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. 43Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; 44en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. 45Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense." "*

Jesus word middelaar net deur LYDING heen. Die Hebreërskrywer stel dit dat Jesus volmaaktheid bereik het deur LYDING heen. Ons kan net dissipels van Jesus wees as ons Hom volg in selflose diens en opoffering. Hierin het Jesus vir ons die perfekte voorbeeld gestel. Dit is heeltemal anders as in die wêreld en, kom ons agter, die wêreld het nog niks verander sedert Jesus hierdie woorde gesê het nie. Grootheid in God se oë – sal ons dit noem volmaaktheid of dalk net getrouheid aan God – het alles te doen met opoffering en diens en GEE van jouself. Mag en status tel hier niks nie. Hoe laat dit jou voel om te weet dat Jesus deur LYDING heen volmaaktheid bereik het?

## **<u>Woensdag 24 Maart</u>**

Sou jy 'n Christen gewees het as jy dit alles geweet het? Is daar vir jou vertel wat kruisdra werklik beteken? Hoe het die eerste dissipels dit reggekry om Jesus steeds te volg, al het hulle geweet dat dit gaan oor self-opoffering? Of het hulle nie gedink dit gaan so erg wees dat Jesus ook maar, net soos in 'n gelykenis, gaan sterf nie? Dit is net 'n vergelyking wat Jesus maak as Hy sê dat Hy gaan sterf? Dissipelskap is moeilik, want dit konfronteer ons met 'n baie besliste keuse. Dit is seker ook hoekom baie christene nie dink dat hulle ook dissipels is nie, amper asof dissipelskap opsioneel is vir christene! Dalk wil jy ook sê: ek het nie die fynskrif gelees nie, ek wil net hemel toe gaan! Maar Jesus tref nie 'n onderskeid tussen eerste, tweede en derde klas christene op verskillende vlakke van gehoorsaamheid nie. Dissipel-wees is nog altyd om jouself te offer, prys te gee – jou hele lewe af te lê. Wanneer ons dissipels word, belowe en gee God vir ons die lewe in oorvloed. Hy belowe egter nie maanskyn en rose nie. Dit is nie 'n eksotiese reis nie, maar 'n stofpad-reis: 'n pelgrimsreis van gestroop wees, maar waarin jy die ware lewe ontdek. Wanneer Jesus ons roep, sê HY: gee jouself, jou hele lewe... Kom en sterf! Markus 8:34-38 Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: *"34As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, 35want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou. 36Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor? 37Wat sal 'n mens kan gee in ruil vir sy lewe? 38Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom saam met die heilige engele, en beklee is met dieselfde heerlikheid as sy Vader."*

Is dit die moeite werd om 'n dissipel te wees? Wat maak dit die moeite werd?

## Donderdag 25 Maart

In Hebreërs 5:8 lees ons: *"Hoewel Hy (Jesus) die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is."* Natuurlik is dit 'n vreemde stelling, maar wat ons hieruit moet leer, is dat gehoorsaamheid vir die Seun van God nie outomaties gekom het nie, maar Hy moes dit deur swaarkry, lyding en beproewing leer. Soveel te meer geld dit vir ons gewone sondaarmense. Gehoorsaamheid aan God kom nie vanself nie, dit moet geleer word! Want wees seker, God wil ons gebruik om sy koninkryk op aarde te laat kom. God se plan was nog altyd om deur mense te werk. Soos wat Jesus sy taak voltooi het, is ons roeping ook om in en deur ons lewens God se koninkryk te laat kom. Soos Jesus se kruis die wêreld verander het, wil God ons gebruik om die skrikwekkende of onheilspellende van hierdie wêreld te deurKRUIS met die kruis van Jesus en wat dit alles beteken - om die kwaad en lelik in prag en goedheid te verander. En as ons sukkel en wonder of dit die moeite werd is, weet ons ons volmaakte Hoëpriester stap saam met ons. Romeine 8: 26-32 *"26Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. 27En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. 28Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. 29Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. 30Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik.31Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? 32Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?"*

Leef jy met die wete dat God jou elke dag wil en gaan gebruik? Jy moet net bereid en beskikbaar wees, dan kan die Gees deur jou werk. Dink weereens oor die vraag: Hoekom is dit vir JOU die moeite werd om 'n dissipel te wees?

## Vrydag 26 Maart

Ons is op pad na Paasfees, die hoogtepunt van die kerklike kalender. Maak dit nog 'n verskil aan jou? Hoe vier ons 'n tweede keer Paasfees te midde van die pandemie? En hoe dink ons oor dit wat Jesus vir ons kom doen het? Hier in Hebreërs 5 word beskryf hoe die vroeë Christene te midde van vervolging weer die aangrypende kruis-evangelie gehoor het. Dit is die hart van die evangelie op 'n nuwe manier vertel. Ons dink aan Jesus wat aan die kruis sterf vir ons sondes – dit is die goeie nuus. Die brood en die wyn van die nagmaal herinner ons aan wat Jesus gely het. By die aanhoor van die naam van Melgisedek sou elkeen wat hierdie preek gehoor het, gedink het aan Melgisedek wat vir Abram bedien met brood en wyn en weet: Jesus is waarlik die Seun van God wat die volmaakte offer gebring het. Dit is werklik die moeite werd om hierdie Jesus te dien en te volg. Lees weer hierdie deel van die preek (die Hebreërsboek is 'n preek) vandag ...

Hebreers 5:1-10 *"1Elke hoëpriester is 'n mens wat uit die mense geneem en aangestel word om vir hulle by God in te tree deur gawes en offers vir die sondes te bring. 2Hy kan meegevoel hê met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self aan swakheid onderhewig is. 3Om hierdie rede moet hy ook vir homself, net soos vir die volk, offers bring vir die sondes. 4Niemand eien hom die eer van hoëpriester toe nie, hy word deur God*

*daartoe geroep, net soos Aäron. 5So het Christus Hom ook nie die waardigheid van Hoëpriester toegeëien nie, God het dit vir Hom gegee toe Hy gesê het: "Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader." 6En op 'n ander plek sê Hy: "Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek." 7Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God. 8Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is. 9En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword 10en is Hy deur God verklaar tot Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek."*